

YOLA

EN DIE
BETROUBARE KROON



Skrywer: Siphokazi Madlingozi

Illustreerder: Thabiso Gcwensa

Een sonnige oggend was Yola baie gelukkig.

Sy sou teruggaan skool toe!





Daar was 'n virus en die skole
was gesluit.

Yola het na haar vriende
verlang.

“Yola, wat is die drie reëls wat ons teen die virus kan beskerm?” het haar ma gevra.



1. Was jou hande vir 20 sekondes of ontsmet hulle.
2. Dra 'n masker.
3. Staan ver genoeg van ander mense af.

“Dis so maklik soos dit, Mamma!” het Yola gesê.



Terug by die skool, het 'n juffrou
Yola se temperatuur gemeet.

Daarna het sy haar hande
ontsmet.

Toe kon 'n gelukkige Yola na haar
klas toe gaan.

Haar maats was baie bly om
haar te sien.



Juffrou Smit vra toe vir almal om in 'n sirkel te kom sit en mooi na haar storie te luister.

Vandag sou hulle *Die Betroubare Kroon* lees.



“Lank lank gelede was daar ’n koning,” het Juffrou Smit begin lees.



“Die koning was soms verward en kon nie besluit wat om te doen as daar ’n probleem was nie.

Dit het hom bang gemaak.

Maar dan sou die koningin vir hom sy betroubare kroon aangee. Dit was ’n spesiale kroon wat sy pa vir hom nagelaat het.”

“Wanneer die koning sy kroon
gedra het, het hy twee vrae aan
homself gevra: ‘Wat kan ek doen?
Wie kan my help?’

Die kroon het hom daaraan
herinner dat hy nooit alleen
is nie.”



Aan die einde van die storie het Juffrou Smit vir elke maatjie hulle eie kroon gegee.

Sy het hulle vertel dat daar niks daarmee verkeerd is om hartseer of bang te wees nie. En wanneer hulle só voel, moet hulle net die betroubare kroon opsit.



Tydens pouse het Asana sy koeldrank gemors.

Dit het hom baie hartseer gemaak.

Yola wou graag haar koeldrank met hom deel,
maar die skool kon dit tans nie toelaat nie.




Sy herinner hom toe aan die storie van die
betroubare kroon.

Wat kan Asana doen? Hy kan na die kraan
gaan en water drink.

Wie kan hom help? Yola kan hom help.

Die betroubare kroon het die dag gered!

Dit was tyd om huis toe te gaan. Yola se ma het by die hek vir haar gewag.



In die taxi het Yola se mamma ongeduldig begin raak. Die verkeer was erg en sy moes nog aandete kook.

Yola haal toe haar betroubare kroon uit en sit dit op haar mamma se kop.

“Mamma, wat kan jy doen en wie kan jou help?” vra Yola.

“Jy is hier, my kind. En ons kan speel terwyl ons wag,” se Mamma.

“Mooi!” antwoord Yola.

Hulle het speletjies gespeel in die taxi totdat hulle by die huis gekom het.



Noudat jy die storie gelees het, antwoord die volgende vrae:

1. Noem drie reëls wat ons moet onthou om die koronavirus te voorkom.
2. Wat het die koning op sy kop gesit as hy hartseer was?
3. Watter twee vrae moet jy jouself vra as jy hartseer is?
4. Teken jou eie betroubare kroon op 'n stuk papier.
Sit jou kroon op elke keer as jy bang is. Onthou dat alles sal reg wees en jy is nie alleen nie.
5. Teken 'n gesig wat die volgende gevoelens uitbeeld:

Gelukkig

Ongeduldig

Hartseer

Verward

Opgewonde

Kies 'n woord in die lysie hieronder en voltooi die sinne wat volg:

skool

was

ontsmet

klaskamer

storie

kroon

speletjies

koeldrank

koning

Yola het _____ toe gegaan.

Haar ma het haar vertel om haar hande te _____ of hulle te _____.

Haar vriende was in die _____.

Juffrou Smit het hulle 'n _____ vertel van 'n _____ wat 'n betroubare _____ gehad het.

Asana het sy _____ gemors.

Yola en haar ma het _____ in die taxi gespeel.

Yola En Die Betroubare Kroon

Published by Coronation Fund Managers
7th Floor, MontClare Place, Cnr Campground & Main Road,
Claremont, Cape Town, South Africa

Print ISBN 978-0-620-96001-4

First edition 2021

Copyright © 2021 Coronation Fund Managers

All rights reserved.

No part of this publication may be reproduced,
stored in a retrieval system, or transmitted,
in any form or by any means, without the prior
written permission of the author.

Written by Siphokazi Madlingozi (siphomadlingozi@gmail.com)

Illustrated by Thabiso Gcwensa (thabisodbninfo@gmail.com)


Layout by Andrea Willmore (andrea@willmorestudios.com)

Printed by Onyx Press, Cape Town

Yola is 8 jaar oud. Sy hou baie van skoolgaan en om met haar maats te speel. Ongelukkig moes haar skool die afgelope maand sluit as gevolg van die koronavirus.

Toe die dag uiteindelik aanbreek om weer terug te keer skool toe, vertel Juffrou Smit vir hulle die verhaal van die betroubare kroon.

Met dié kroon op jou kop weet jy altyd wat om te doen en ook wie jou sal kan help.



CORONATION

TRUST IS EARNED™

